

29 MEI

Skrifgedeelte: Psalm 36

By God is jy veilig teen die goddeloses

In 'n wêreld wat oorweldig word deur die goddelose mense en hulle praktyke lyk dit soms of daar nie meer 'n staanplek vir die gelowiges oorgebly het nie. So 'n toedrag van sake kan 'n mens terneergedruk maak, maar dit hoef nie.

Dawid het in sy lewe ook met die wrede valsheid van die goddeloses te doen gekry. In hulle optrede teenoor hom het hy gesien dat hulle geen vrees vir God het nie. Wat goed is verwerp hulle en alles wat sleg is, hang hulle aan. Hulle eie bose hart en gedagtes is die riglyn vir hulle lewe. Soos wat hulle God en sy wet uit hulle gedagtes verdring, wil hulle die gelowiges ook ten alle koste verdring.

Dan rig die Gees Dawid se oog en hart op die liefde, trou en geregtigheid van die Here wat die heelal omvat. Toe hy dit raaksien, het hy besef daar is nog 'n staanplek vir die gelowige. By die Here en in sy huis en teenwoordigheid, is daar 'n staanplek vir die gelowige. God se trou en liefde is altyd groter en omvattender as die grootste boosheid van die goddeloses. Met sy trou versorg en beskerm die Here die wat Hom vrees.

Voel jy ook of die goddeloses jou 'n staanplek ontsê? Weet verseker dat jy in die teenwoordigheid van God 'n veilige staanplek het. Jesus Christus het hierdie staanplek vir jou verseker toe Hy ook deur die goddeloses verdring is. Hy was selfs van sy staanplek voor God ontnem as gevolg van my en jou sondes. Daardeur het Hy egter vir ons 'n ewige staanplek in God se teenwoordigheid verseker. En op hierdie staanplek ontvang jy die lewe wat nie deur die goddeloses van jou weggeneem kan word nie.

Sing: Psalm 36:2,3

Ds Coen Vrey (Rustenburg-Noordoos)